


RAMP TOESTANDE

**Mei 2024**

Hierdie wysigings tree op Mei 2024 in werking.

**RIGLYN: RAMP TOESTANDE**

***In terme van die staat se verantwoordelikheid en pligte, geld die volgende:***

**Rampe word saamgevat onder die Disaster Management Act 57 van 2002 sowel as die National Disaster Management framework.**

**Hoe word 'n ramp geaktiveer om 'n as 'n noodtoestand verklaar te kry?**

Die proses word geaktiveer word by die plaaslike regering, dws die munisipaliteit. Die grootte van die ramp bepaal of die distrik of nasionaal die inisiatief sal neem. Lede moet hulle vergewis van die rampbestuursplan op munisipale vlak wat sal dien as basis waaruit die nodige aksies geneem moet word.
Indien die ramp so groot is dat dit die provinsie beinvloed, sal dat MEC / LUR in so 'n geval genader kan word om die aksies te neem indien dit nie reeds deur die LUR gedoen is nie. Die vertrekpunt bly steeds die munisipaliteit wat dit moet bevorder na provinsie wat weer op hul beurt dit na nasionaal toe moet bevorder afhangende die omvang van die ramp.

**Watter tipe rampe is daar?**

By rampe word daar onderskeid gemaak: Die ramp wat plaaslik in 'n spesifieke omgewing is bv. 'n brand wat slegs binne munisipale grense skade aanrig, dan die provinsiale ramp en dan ook waar 'n nasionale ramp verklaar word. Die wetgewing maak ook voorsiening vir die verskillende rampe wat 'n invloed kan hê.

Die president moet 'n komitee daarstel wat die hantering van rampe kan beheer en bestuur. Dit sal insluit kabinet lede, LUR van elke provinsie en dan ook lede van die munisipale raad. Dws dit word van bo na onder deurgetrek. Die minister is die voorsitter van hierdie komitee.

Dan moet die minister 'n forum aanwys. Binne hierdie forum mag daar (nie verpligtend nie) ook persone wees van georganiseerde landbou. Daar moet deurlopend gepoog word in onderhandelinge dat TLU SA deel uitmaak van hierdie forum ten einde die landbou se saak te kan stel aangesien dit die enigste platform is waar landbou inspraak kan lewer. Die wet verplig die minister om 'n *National Disaster framework* te implimenteer wat dan ook so gedoen is. Die doel van hierdie hele raamwerk is voorkoming sowel as nasorg en hantering na die voorkoming

van 'n ramp.  Sodanige nasionale sentrum beskik oor omvattende bevoegdhede0 om hulle pligte te kan nakom.

Die sisteem wat hulle moet opstel, moet so veel as moontlik inligting verkry van moontlike rampe wat kan voorkom.  Hierdie inligting moet dan verder hanteer word om gemeenskappe wat beinvloed kan word in te lig.  Vroeë waarskuwingstekens moet gemonitor word.

**Die volgende instansies moet deel wees van die plan**:

SAPD, Hospitale, klinieke en ander gesondheidsinstansies, Nooddienste, Skole, kerke en publieke geboue wat gebruik kan word as veilige skuilplek in geval van rampe. Brandweerdienste, Lughawens, hawens en enige spoorweg dienste.

**Daar moet gereedheid wees by alle vlakke van die regering van grondvlak tot bo:**

Vir die doel moet elke plaaslike munisipaliteit, streek munisipaliteit, provinsiaal en nasionaal 'n plan opgestel hê.  Daar is tans in werklikheid op grondvlak se planne nie daadwerklike aksies ingebou nie.  Die vermoede is dat die ramp gerapporteer sal word aan die nasionale forum wat dan die aksies en optredes sal kommunikeer om die ramp te hanteer.

**Wanneer 'n ramp voorkom, sal die Nasionale sentrum bepaal of die voorval as 'n ramp verklaar word.  Indien wel, moet die nasionale sentrum onmiddellik:**

- Die impak daarvan bepaal
- Verklaar of dit 'n plaaslike, provinsiale of nasionale ramp is
- Die besonderhede daarvan moet dan in 'n register opgeteken word

**Die Nasionale sentrum mag dan later die ramp herverklaar in terme van die vlak waarin dit verkeer.**

**'n Plaaslike ramp:**

- Wanneer dit slegs 'n spesifieke metropolitaanse, distrik of plaaslike munisipaliteit raak
- Indien die munisipaliteit met sy eie bronne die ramp kan hanteer

**'n Provinsiale ramp**

- Waar meer as een distrik munisipaliteit in die provinsie geraak word.
- Die distrik in samewerking met die verskeie munisipaliteite die ramp kan hanteer
- Die provinsie die ramp kan hanteer

**'n Nasionale ramp:**

- Waar meer as een provinsie geraak word.
- Die spesifieke provinsie waar dit voorkom dit nie kan hanteer nie, dan word dit as nasionaal verklaar.

RAMP TOESTANDE

Indien die ramp nie in die staatskoerant verklaar is nie, word dit beskou as 'n plaaslike ramp.
In die geval van 'n provinsiale ramp, moet die premier van die provinsie, die ramp in die Provinsiale gazette verklaar. *Die premier mag dan sekere regulasies daarstel wat insluit:*

- Hulpbronne beskikbaar maak
- Personeel vanuit regeringsinstansies beskikbaar stel
- Die provinsiale ramp bestuursplan implementeer
- Die ontruiming van gebiede na tydelike skuilings
- Die regulering van verkeer
- Die regulering van mense se beweging
- Die beheer neem van gebied waar die ramp voorkom
- Beheer neem van nood akkommodasie
- Die beheer van alkohol in die rampgebied
- Tydelike kommunikasiekanale daarstel

*Hierdie stappe word geregverdig in die verklaring dat dit is vir:*

- Die beskerming van die publiek
- Verligting verskaf aan die publiek
- Die beskerming van eiendom
- Die voorkoming en bestryding van ontwrigting
- Die hantering van skade van die ramp

Daar word voorsiening gemaak dat die munisipale raad verantwoordelikheid kan neem oor die hantering van die ramp indien dit in die munisipale gebied voorkom. Die munisipaliteit kan dan in so 'n geval sekere stappe neem om die ramp te hanteer.
Die munisipaliteit sal dan in die provincial gazette die ramp verklaar met alle regulasies wat hulle dan sal toepas. Net soos bo genoem is dan ook binne hulle magte.

Daar moet 'n DOC *(Disaster Operations Centre)* wees in die gebied waar die ramp voorkom. Indien die plaaslike munisipaliteit of provinsie dit nie kan hanteer binne sy spesifieke magte nie, word die DOC geaktiveer. Die DOC bestaan dan uit die direkteure van die verskillende afdelings binne die munisipaliteite. *Dit is dan die volgende:*

- Munisipale bestuurder
- Disaster management bestuur
- Direkteur: gemeenskapsdienste
- Direkteur Tegniese dienste
- Direkteur Finansiele dienste
- Direkteur Korporatiewe dienste
- Die munisipale wetlike toepassings (law-inforcement) bestuur
- Die brandweerhoof
- Die hoof Munisipale gesondheidsdienste
- Ambulansdienste

RAMPTOESTANDE

Die DOC is 'n komponent van die *Nasionale Disaster Management Centre*.

RAMP TOESTANDE